NEEM UIT DIE VERLEDE…

Doel

- Om die Verkenner in te lig oor die Afrikaner se trotse geskiedenis
- Om jou te help onderskei tussen volk, kultuur, land, nasie

Uitkoms

Vertel die storie van die Afrikaner se geskiedenis met feitelike inligting

Doenwenke

- Bou 'n tydlyn saam met jou span wat die verloop van die Afrikaner se geskiedenis aandui
- Gebruik die belangrikste datums en noem die belangrikste mense wat betrokke was
- Verwys ook na aspekte soos die Afrikaanse taal, oorloë, politieke gebeure, invloedryke leiers

Slaggate

- Om 'n gesonde volksliefde met rassisme te verwar
- As jy 'n negatiewe houding teenoor die Afrikaner se geskiedenis het
- As jou geskiedkundige feite deurmekaar is
- As jy 'n negatiewe houding teenoor geskiedenis in die algemeen het

GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER

Om 'n Afrikaner te wees moet jy weet wie die Afrikaner is en waar die Afrikaner vandaan kom.

Die geskiedenis van die Afrikaner begin eintlik iewers in 1650 of daar rond toe die VOC besluit het om 'n verversingspos aan die suidpunt van Afrika te stig.

Jan van Riebeeck word as stigter gestuur en daag 6 April 1652 op.

Baie dinge gebeur in die volgende klompie jare: die Britte neem die Kaap oor, die Nederlanders kry dit terug en die Britte vat dit weer. Dit is nogal 'n lang geskiedenis met meer as 20 grensoorloë teen die Xhosas. Hierdie mense is egter nog Nederlanders, Duitsers, Franse, Britte (1820 Settelaars) en allerhande ander mense van verskeie dele van die wêreld af.

In 1836 begin die spanningsvolle verhaal van die Voortrekkers.

Piet Retief trek in dié jaar uit die Oos-Kaap uit. Baie ander het reeds voor hom vertrek en baie ander het hom gevolg, maar hy was 'n tipe hoofkarakter en in die storie van die Voortrekkers duik sy naam keer op keer op. Hy trek tot in die deel wat vandag bekend staan as KwaZulu Natal.

Daar word hy in 1838 deur Dingaan, die Zoeloe-koning, se krygers doodgemaak. Op 16 Desember 1838 word die Slag van Bloedrivier geveg en Geloftedag het sy ontstaan.

Hierdie mense was egter steeds nie Afrikaners nie, maar trekgroepe wat bestaan het uit 'n aantal families.

Na Bloedrivier baklei die trekkerleiers baie onder mekaar. Na die Britse besetting van Natal trek die groepe na die huidige Mpumalanga.

Verskeie Boererepublieke kom tot stand: Stellaland, Goosen en die Lydenburgse Republiek. Potchefstroom, Pretoria en 'n aantal ander dorpe word gestig, maar van Afrikanerwording is daar nog geen sprake nie.

Belangrike veranderinge begin in 1875 met die sogenaamde “Eerste Taalbeweging”. Ten spyte van hewige teenkanting word die eerste koerant in Afrikaans gedruk. Dít is 'n belangrike gebeurtenis, aangesien 'n eie taal een van die eerste tekens van die ontstaan van 'n nuwe volk is.

Hierna gebeur nog 'n groot aantal dinge wat 'n invloed het op die vorming van die Afrikaner. Die Oranje-Vrystaat (Vrystaat) en die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) - Mpumalanga, Noordwes, Limpopo en Gauteng - word gestig. Die Britse regering probeer die twee republieke oorneem en 'n oorlog breek uit.

Op 27 Februarie 1881 word die Slag van Amajuba beslis en hulle eerste oorwinning wat hulle as Afrikanergroep behaal het, word gevier.

Brittanje sluit vrede.

In 1887 word goud aan die Witwatersrand ontdek.

Dit maak die ZAR vir die eerste keer ekonomies belangrik. Dit is nou 'n land wat onafhanklik kan voortbestaan.

Goud word 'n belangrike rede vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 - 'n oorlog wat die Boere 'n samehorigheidsgevoel gee.

Brittanje wen die oorlog en baie vrouens en kinders sterf in konsentrasiekampe.

Op 31 Mei 1902 word Die Vrede van Vereeniging gesluit.

Die oorlog gee die Afrikaner 'n groot hupstoot om 'n volk te word.

Tussen 1902 en 1938 kom die Afrikanervolk op sy eerste wankelrige bene. Baie vooruitgang én terugslae word in die tydperk beleef:

- Uniewording op 31 Mei 1910 verenig die voorheen afsonderlike gebiede Kaapland, Vrystaat, Natal en Transvaal
- Die 1914-Rebellie verdeel die Afrikaner ten opsigte van deelname saam met Engeland aan die Eerste Wêreldoorlog en Jopie Fourie word 'n held
- Die Groot Depressie
- Die Runderpes
- Die Groot Droogte

Die Voortrekkermonument se hoeksteen word tydens die Voortrekker Eeufees in 1938 gelê.

Hierdie fees is 'n baie belangrike mylpaal in die ontstaan van die Afrikanervolk. Die geskiedenis van die Voortrekkers word deur die Afrikaner as hul eie aanvaar. Die Afrikaner het nou 'n land, 'n taal, tradisies, 'n kultuur en 'n geskiedenis.

Vanaf 1938 tot 1988 beleef die Afrikaner 'n bloeitydperk. Die Afrikaner word 'n sterk volk. Belangrike gebeure in die tydperk sluit in:

1939	-	Die Tweede Wêreldoorlog
1948	-	Die Nasionale Party kom aan bewind
1961	-	Republiekwording
1966	-	Die sluipmoord op dr. Hendrik Verwoerd
1988	-	Die einde van die Angola-oorlog en die onafhanklikheidswording van Namibië
1990	-	Die ANC word ontban
1992	-	Nelson Mandela word vrygelaat
1994	-	Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika en die ANC kom aan bewind

Die tydperk tussen 1948 tot 1988 staan bekend as die Apartheidsjare en die tydperk vanaf 1988 tot 1994 as die jare van die val van Apartheid. Baie mense het laasgenoemde tydperk egter ook gesien as die einde van die Afrikanervolk. Dit is egter 'n baie onakkurate stelling. Alle volke het tydperke van oplewing en tye waar hulle die wa moeilik deur die drif trek. Dit is egter moeilike gebeurtenisse, soos die 1914-Rebellie en die sluipmoord op dr. Verwoerd in 1966, wat 'n volk sterker maak. Dit het in die geval van die Afrikaner gelei tot 'n sterker samehorigheidsgevoel. Die verskynsel kan ook in ons eie tyd duidelik gesien word. In die vroeë negentigs was baie Afrikaners bekommerd oor die volk se voortbestaan. In plaas van ondergaan het die Afrikanervolk egter vanaf ongeveer 1996 'n oplewing begin toon wat duidelik te sien is in die groot hoeveelheid Afrikaanse kunstefeeste en die opbloei in die Afrikaanse musiekbedryf. Dus het al die moeilike tye waardeur die Afrikaner gegaan het, bygedra tot sy opbou. 'n Moelike tyd is dikwels 'n groeitydperk.

LID VAN 'N VOLK

Wat is 'n volk? Slegs as jy hierdie vraag beantwoord het sal jy kan weet of en waarom jy 'n lid is van die Afrikanervolk.

'n Volk word uitgeken aan 'n paar kenmerke.

Die eerste kenmerk van 'n volk is 'n gesamentlike kultuur. 'n Breë omskrywing van kultuur kan wees: alles wat die mens doen. Volgens dié omskrywing word alle handelinge, positief en negatief, ingesluit, byvoorbeeld musiek, sport en misdaad.

Geskiedenis en tradisies is die volgende kenmerke. 'n Volk het 'n samehorigheidsgevoel nodig en geskiedenis is die basis hiervan. Die lede van die volk het dus dieselfde geskiedenis en ook tradisies. Tradisies is dinge soos braaivleis en boerekappies.

Mense verwar dikwels die konsepte “kultuur” en “tradisie” met mekaar. Kultuur is iets wat die volk kenmerk. Dit is die dinge wat die volk *nogsteeds doen* en die manier waarop die mense van die volk optree. Die oorgrootte meerderheid doen dit. Tradisies is dit wat die mense van die volk *doen of gedoen het*. Tradisies is geskiedkundig van aard waar kultuur veranderend van aard is, dit is egter ook moontlik dat 'n bepaalde gebruik sowel 'n kultuur en 'n tradisie is. Braaivleis is beide 'n kultuur en 'n tradisie. Volkspele en boerekappies is net 'n tradisie en die luister na CD's is net 'n kultuur.

Die volgende kenmerk is herkoms - waar kom die lede van die volk vandaan? Die Afrikaner is afkomstig van Europa en Afrika, hulle het dus 'n Euro-Afrikaanse afkoms. Die Zoeloes, om 'n ander volk as voorbeeld te noem, se herkoms is Afrika.

Taal is die volgende kenmerk. 'n Volk het 'n gesamentlike taal. In die Afrikaner se geval is dit natuurlik Afrikaans.

Die laaste kenmerk is bodemgebondenheid. Hiedie aspek is veral belangrik by die ontstaan van 'n volk. 'n Nuwe volk sal nie op die been kan kom as sy lede nie om mee te begin 'n land het om saam in te woon nie. Dié kenmerk is veral interessant in die Afrikaner se geval, as ons in gedagte hou dat sommige Namibiërs ook aan die Afrikanervolk behoort. Net so is dit ook moontlik vir 'n Suid-Afrikaner wat byvoorbeeld Australië toe emigreer om 'n lid van die Afrikanervolk te wees, as hy besluit om steeds 'n Afrikaner te bly. Dit is egter ook waar dat as sy kinders in Australië gebore word en daar grootword, dat dit vir hulle baie moeiliker gaan wees om Afrikaners te wees, maar weereens nie onmoontlik nie. Bodemgebondenheid het dus nie noodwendig te doen met die land waar jy woon nie, maar met die land waar die volk gestig is.

VOORBEELD:
Kan Johan Retief 'n Afrikaner wees? Hy praat Afrikaans, kom van die Retief-familielyn af, sy voorouers kom natuurlik van Europa en Afrika af, hy woon in Pretoria en leef Afrikanertradisies uit en neem aan kultuuraktiwiteite deel. Ja, natuurlik.

VOORBEELD
Kan Chin Joa Jung 'n Afrikaner wees? Hy praat Afrikaans, sy ma en pa kom van China af, hy woon in Johannesburg en leef Afrikanertradisies uit. Kom ons kyk na die geval: neem hy in sy hart die Afrikaner se geskiedenis as sy eie aan? Neem hy aan Geloftedag deel? Ja. Het hy aanvaar dat die Afrikaner van Europa en Afrika afkomstig is? Ja. Dan kan Jung 'n Afrikaner wees.

Hoe so, vra jy? Die vyf punte hoef nie absolute waarhede te wees nie. Sy ouers hoef nie aan die Groot Trek deel te geneem het nie. Dit gaan oor die aanvaarding van hierdie punte. Die persoon moet die vyf dinge sy eie maak en dit deel maak van sy lewe, dan kan hy 'n Afrikaner wees.

Dit kom daarop neer dat jy deel van 'n volk kan wees as jy deur die volk aanvaar word en jy maak die kultuur, tradisies en geskiedenis van die volk jou eie. Wedersydse aanvaarding is dus die sleutel.

GESKIEDENIS AS VAKGEBIED

Het jy al ooit drie ooggetuies gevra om vir jou te verduidelik hoe 'n motorongeluk plaasgevind het? Wel, dit laat jou dink oor die geskiedenis. Mense het baie te sê oor die geskiedenis en of die geskiedenis reg of verkeerd is. Die vraag word egter verkeerd gestel. In plaas daarvan om te vra of die geskiedenis reg of verkeerd is, vra jouself af uit wie se oogpunt dit geïnterpreteer word.

Ek gaan die voorbeeld van Piet Retief gebruik om dit te verduidelik.

Vir die Afrikaner is Piet Retief 'n volksheld. Hy het uit die Kaap onder Britse bewind weggetrek omdat hy nie wou belasting betaal aan 'n regering wat hom nie beskerm nie. Hy trek na Natal en onderhandel met Dingaan oor grondgebied. Hy word deur die Zoeloes vermoor en word 'n martelaar vir die Afrikaner se strewe na 'n eie plekkie in die son.

Vir die Xhosa was Piet Retief 'n moordenaar en 'n dief. Piet Retief het aan verskeie aanvalle op die Xhosas aan die Oosgrens deelgeneem. Hy het ook baie van hulle op hulle eie grondgebied vermoor en hulle beeste gevat.

Vir die Britte was Piet Retief 'n verraaier, 'n belastingontduiker en 'n wetsoortreder. Hy het uit sy land uitgetrek omdat hy nie belasting wou betaal nie, hy het die nie-geskrewe wet, verbreek wat gesê het dat niemand die binneland mag intrek nie, en hy het sy Britse burgerskap vir “vryheid” opgesê.

Vir die Zoeloes is Piet Retief 'n bedrieër. Hy wou grond by hulle koop met beeste wat nie naasteby soveel werd was as die grond nie. Die Zoeloes het hom ooreenkomstig hul regstelsel ter dood veroordeel.

Wat was Piet Retief dan, 'n volksheld, 'n verraaier of 'n moordenaar? Die feitelike geskiedenis is dat hy in 1836 uit die Kaap getrek het en met 'n ossewa na Natal gegaan het. Hier is hy in 1838 dood. Die res van die geskiedenis hang af van die oogpunt waaruit jy die gebeure beskou en beoordeel. Dus sal Piet Retief heel moontlik vir jou 'n volksheld wees.

Hierdie siening kan nou uitgebrei word na baie onderwerpe waaroor daar bespiegel word.

Doenwenk

Neem jou volksheld - verkieslik die een oor wie jy jou volkstrotstaak wil doen. Beskou die persoon vanuit verskillende oogpunte: vir wie is hy/sy 'n held en waarom? Wie sal hom/haar nie as 'n held beskou nie, hoe beskou hierdie mense jou volksheld en waarom? Dit is belangrik om verskillende perspektiewe in gedagte te hou wanneer jy oor die persoon skryf of praat.

VANDAG - MÔRE SE GISTER

Kom ons doen 'n oefening om jou bewus te maak van die wêreld om jou. In die bestudering van die geskiedenis mis ons baie keer dit wat vandag gebeur het. Sodoende kom ons nie agter dat ons die geskiedenis lééf nie. Die besef dat ons die geskiedenis leef, maak wat vandag gebeur baie belangrik in die vasstelling van hoe ons môre moet optree.

Doenwenk:

Neem vandag se koerant en verdeel dit tussen die spanlede. Neem slegs die bladsy wat aan jou toegeken is en soek iets interessants en iets wat belangrik is (twee stukkies). Jy vind soms van die belangrikste inligting op snaakse en onverwagse plekke in die koerant - nuwe wetgewing wat 'n impak op die algemene samelewing het, 'n verandering in die ekonomie wat niemand oplet nie of Suid-Afrika se nuwe beleid ten opsigte van geloof.

Doel: Hierdie aspekte kan alles belangrik wees in hoe jy jou lewe reël. Dit mag dalk iets wees wat jou lewe nuwe rigting gee. Die enigste manier om altyd 'n trappie voor te wees, is om eerste te weet wat aangaan.

Doenwenk

Neem die nuusbulletin op (verkieslik die oggend voor die vergadering). Bespreek die berigte. Praat oor die invloed wat die gebeure op verskillende mense, die land of selfs die wêreld kan hê. Versamel die res van die week berigte in koerante, op TV- of radionuus wat betrekking het op die berigte in die bulletin wat julle bespreek het.

VOORBEELD: Daar word verslag gedoen oor 'n aardbewing in London. Bespreek die berig en dink logies oor wat die gevolge kan wees. Die pond kan in duie stort. 'n Nuwe koning kan aan bewind kom, ensovoorts. Versamel nou enigiets oor die gebeure, geboue, dodetal, ook iets wat te make het met die koningshuis en hoe dit werk en die daaglikse ekonomiese syfers. Teen die volgende week is dit baie duideliker wat gebeur en wat die gevolge van die aardbewing was. Vergelyk nou julle voorspellings met die werklike gevolge. Waarom julle reg of verkeerd was kan nou afgelei word uit die versamelde materiaal. Die pond het versterk? Hoekom? Dalk omdat die boubedryf 'n hupstoot gekry en aanvraag gegroei het as gevolg van die aardbewing.

DOEL

Hierdie oefening ontwikkel die denkraamwerk op so 'n manier dat die geskiedenis 'n logiese ritme begin aanneem. Weer eens gee die uitken van die ritme van wêreldgeskiedenis jou 'n voorsprong in die lewe.

Deur toe-oë deur die lewe te gaan, plaas jy jouself in 'n moeilike posisie. Ken jou wêreld en wees bedag op verandering. Leer uit die verlede en bou die toekoms daarop. Dink so daaraan, wat tien minute gelede gebeur het, is nou ook deel van die geskiedenis.

VELDSLAE VAN DIE AFRIKANERVOLK

Oorlog is nooit 'n lekker ervaring nie, maar in ons volk se geskiedenis was dit ook soms nodig om te veg vir dit wat vir ons belangrik is. Mense veg vir hulle land, hulle geloof, hulle vryheid en hulle lewens. In die geskiedenis van die Afrikanervolk was daar heelwat skermutselings en veldslae binne die groter oorloë.

By die aanhoor van gebeure rondom sommige van hierdie veldslae kan jy nie anders as om bewus te word van die toegewydheid, die vaardigheid, vindingrykheid en onverskrokkenheid waarmee die Afrikaner in die verlede bereid was om te veg vir dit wat vir hulle belangrik is nie. Dis lekker om na 'n paar van die meer bekende veldslae te kyk en trots te wees op jou Afrikanerskap.

Ons omstandighede is vandag anders. Dit sal dalk nooit vir ons nodig wees om dieselfde soort oorloë of swaarkry te beleef as ons voorouers nie. Dit beteken egter glad nie dat ek en jy nie van daardie goeie eienskappe geërf het nie. Ons kan hierdie eienskappe vandag op ander terreine aanwend deur byvoorbeeld met dieselfde toegewydheid, ywer en vindingrykheid vir ons land en volk op ekonomiese, godsdienstige of selfs politieke gebied iets te beteken. Kom ons bekyk 'n paar van die Afrikaner se welslae op die slagveld.

Majuba

Die Slag van Majuba het op Sondag 27 Februarie 1881, tydens die Eerste Vryheidsoorlog, plaasgevind toe die Boeremagte van kommandant-generaal Piet Joubert 'n klinkende oorwinning oor die Britse magte onder leiding van generaal sir George Colley behaal het. Die gevegsterrein was 'n berg in Natal, noord van Newcastle, naby die grens van die destydse Transvaal. Die Britte het Transvaal, wat amptelik as die Zuid-Afrikaanse Republiek bekend gestaan het, in 1877 geannekseer. Die Boere het egter in Desember 1880 by Paardekraal (in die huidige Krugersdorp) hulle onafhanklikheid herstel. Die Britte het die Boere se optrede as 'n rebellie beskou en genl. Colley is as bevelvoerder van die Britse leërmag gestuur om die Transvalers (ook bygestaan deur 'n aantal Vrystaters) weer aan Britse heerskappy te gaan onderwerp. In Januarie 1881 het die twee magte langs die Drakensberge in die omgewing van die berg Majuba teenoor mekaar stelling ingeneem. Nadat die Britte by twee geleenthede misluk het in hulle pogings om deur die Boere se verdedigingslinie te breek, het Colley in die nag van 26 Februarie met sowat 500 soldate Majuba bestyg. Die volgende dag, op 27 Februarie, het die Boere hulle aangeval, swaar verliese toegedien en verdryf. Colley self, asook meer as 100 Britte, het gesneuwel terwyl aan Boerekant net twee burgers gedood is. Kort daarna is vrede gesluit en na langdurige onderhandelinge het die Britte weer die onafhanklikheid van die Transvaalse Boere erken. Majuba het vir die Boere simbool van oorwinning geword, terwyl die Britte dit as 'n vernedering belewe het en na 'n geleentheid gesmag het om weerwraak te neem.

Sannaspos

As iemand dink kapings is 'n teken van ons tyd, wag daar op hom 'n verrassing. Dis 'n ou truuk wat reeds op 31 Maart 1900 by Sannaspos, naby Bloemfontein, deur die Boere met groot sukses uitgevoer is.

'n Groot Britse konvooi met wapens en ammunisie, proviand en trekdiere was op pad na Bloemfontein. Toe hulle deur 'n laagte by Koornspruit moes trek, op 'n plek waar elke wa vir 'n paar minute onsigbaar was vir die res van die konvooi, het die Boere onder genl. Christiaan de Wet hulle ingewag. Elke wa wat die laagte ingekom het, is deur gewapende Boere oorgeneem en die drywer is aangehou. Die konvooi het eenvoudig aanhou beweeg totdat alle drywers met Boere vervang is. 'n Skermutseling het ontstaan, maar die Britse magte het swaar verliese gely: 150 is gedood of gewond en 400 is as krygsgevangenes geneem. Die Boere het sewe kanonne, 12 vragte ammunisie, 110 proviandwaens, 1 200 trekdiere en perde en 600 gewere gebuit.

Bloedrivier

Gelofte afgelê deur Sarel Cilliers:
"Hier staan ons voor die heilige GOD van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan hom te gee."

Nederlands

"Mijne Broeders en Mede-landgenoten,
hier staan wij tans op een ogenblik voor een heilige God van Hemel en aarde
om een belofte aan Hem te beloven,
als Hij met Zijn bescherming met ons zal wezen,
en onze handen zal geven dat wij hem overwinnen,
dat wij die dag en datum elk jaar als en verjaardag
en een dankdag zoals een Sabbat in Zijn eer zullen doorbrengen;
en dat wij een tempel to Zijn eer stichten zullen,
waar het Hem zou behagen;
end dat wij het ook aan onzen kinderen zullen zeggen,
dat zij met ons erin moeten delen,
tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten.
Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheelikt worden,
dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven."

Die Slag van Bloedrivier het op Sondag 16 Desember 1838, tydens die Groot Trek, plaasgevind toe 'n Voortrekkerkommando van sowat 460 man, onder bevel van Andries Pretorius, 'n Zoeloemag van 'n geskatte 10 000 krygers op die oewer van die Buffelsrivier (ook bekend as Ncomberivier wat sedert die geveg as Bloedrivier bekend gestaan het) verslaan het.

Dit is sekerlik een van die bekendste militêre konfrontasies in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Boonop was dit een van die bepalendste gevegte, want indien die Zoeloemag as die oorwinnaars uit die stryd getree het, sou dit bes moontlik tot die mislukking van die Groot Trek gelei het. Anders gestel - die Voortrekkers se oorwinning oor die Zoeloes tydens die Slag van Bloedrivier het die voortgang van die Groot Trek verseker op 'n stadium waar dit wou voorkom asof dit laat vaar moes word.

Die geveg is ook om 'n ander rede van groot belang, naamlik die aflegging van die Gelofte wat dit op 9 Desember 1838 by Wasbank vooraf gegaan het. Die Gelofte is hierna tydens elke godsdiensgeleentheid tot en met 15 Desember herhaal. Terwyl die Trekkers Zoeloeland ingetrek het, het hulle die hulp van die Drie-enige God afgesmeek. Hulle het onderneem dat, indien hulle die oorwinning sou behaal, die eer van die oorwinning aan God gegee sou word; om 'n kerk ter ere van God op te rig; om die dag van die oorwinning in die toekoms as 'n dankdag, soos 'n Sabbat, te gedenk en om die verhaal van die oorwinning aan die nageslag te vertel.

Daar is op verskeie maniere aan die Gelofte uitvoering gegee: die bou van die Geloftekerk in Pietermaritzburg en die jaarlikse herdenkingsbyeenkomste wat landwyd op 16 Desember gehou word.

Dit is die plig van Die Voortrekkers om die instandhouding van die Gelofte tot in die verre toekoms te help verseker.

Spioenkop

Spioenkop, byna 500 meter bo die Tugelarivier, sou die toneel van een van die bloedigste gevegte van die Anglo-Boereoorlog word.

Op 24 Januarie 1900 om drie-uur die oggend is 'n klein Boerebrandwag skielik in die digte mis deur Britse troepe bestorm en op loop gejaag. Toe die son opkom en die mis opklaar, het die Britte meteens besef dat hulle nie die berg ingeneem het soos wat hulle gedink het nie, maar slegs die voorste rante van 'n groot komvormige plato.

Intussen het die Boere bemoedigende telegramme van pres. Kruger en genl. Botha ontvang. Botha het die hele nag deur tussen sy manne rondgery en hulle bemoedig en bymekaar gemaak. Om agtuur die oggend het die Boere met 'n dodelike geweervuur van drie kante losgetrek. Op die plato was die Britse troepe heeltemal blootgestel en vasgekeer in 'n onmoontlike posisie. Dit was vir die Boere geen maklike geveg nie. Daar is telkemale deur die verskillende magte teruggeval en aangeval en daar was onder albei groepe onsekerheid oor waar hulle staan en wie die geveg wen. Toestande was haglik. Gewondes en sterwendes het erg gely en vergeefs om water gesmeek.

Toe die Britse bevelvoerder besef dat hy aan die verloorkant is, het hy versterkings gestuur, maar genl. Botha het sy grofgeskut met dodelike akkuraatheid aangewend. Deur die nag het die Boere begin moedeloos word en teruggeval. Voor sonop die volgende oggend het 'n paar waaghalsige Boere uitasem kom rapporteer dat Spioenkop verlate was. Die Boere het dit onmiddellik beset.

Genl. Buller het besluit dat sy Britse soldate niks meer kan verduur nie en 'n terugtog oor die Tugela gelas. Gedurende die dag het die grootste deel van sy troepe nie een skoot gekiet nie, maar tog 1 200 ongevalle gely. Op party plekke het die gesneuweldes, aaklig deur kanonvuur vermink, tot drie diep in die loopgrawe gelê.

Die Boere het 300 ongevalle in die geveg gely en aanvanklik nie besef hulle het gewen nie.

'n Engelse soldaat het aan sy vader, 'n predikant in Engeland, geskryf: *Om die groot bebaarde Boere in doodsveragting teen die berg te sien opstorm, was 'n voorreg waarvoor 'n mens tien jaar van jou lewe sou wou gee. In die oomblik van stryd was daar iets goddeliks in daardie manne: hulle gesigte het verstar en hulle het gelyk soos die Noodlot self …"*

Magersfontein

Die Slag van Magersfontein het op 11 Desember 1899 tydens die Anglo-Boereoorlog in die destydse Kaapkolonie suid van Kimberley plaasgevind. Dit was die tweede van drie merkwaardige oorwinnings wat die Boeremagte binne 'n week oor die Britse magte in die oorlog behaal het. Daardie week was gevolglik deur die Britte die "Black week" genoem. Magersfontein is suid van Kimberley langs die treinspoor tussen die stad en die Oranjerivier.

'n Britse leërmag, onder bevel van generaal Methuen, het na Kimberley opgeruk. Op 10 November het die Boere die heuwels by Magersfontein beset. In opdrag van genl. Koos de la Rey het hulle loopgrawe in die vlaktes aan die voet van die heuwels gegrawe en daar stelling ingeneem. Die Boere was deskundiges met kamoeflering en dus byna onsigbaar.

Die Britte het voor dagbreek die volgende oggend oor die vlakte opgetrek. Hulle inligting was dat die Boere in die heuwels was. Gevolglik was hulle totaal verras toe die Boere op 'n kort afstand uit die loopgrawe op hulle vuur. Al wat die Britte kon doen, was om op die ooptes plat te val en die hele dag daar vasgepen te lê terwyl die Boere uit die skuiling van die loopgrawe op hulle skiet. Eers teen die aand het die Boere asemgeskep en die Britte toegelaat om hul dooies en gewondes te verwyder. Die Boere het uit hul loopgrawe gekom en met eerbied en hoflikheid gehelp waar hulle kon. Die Britte het 1000 ongevalle gehad en die Boere 250. Nogtans

het hulle nie die loopgrawe ontruim nie en die Britte moes moedeloos terugval.

In ligter luim is later vertel dat van die Britte gekla het dat die son hulle kuite bloedrooi gebrand het. “Heelwat van ons manne is siek weens sonbrand aan die bene. Ek is bevrees heelwat van die manne is lewenslank verlam.”